

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Nota: In hierdie artikel word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

YHVH (die HERE; In Hebreeus יהוה en getransliterer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

DIE PAASFEES (*EASTER*) MISLEIDING

Het jy jousef al gevra: Wat het hasies, gekleurde eiers en *hot cross buns* met Paasfees te doen? Gedurende die Paasfees (*Easter*) 'vakansietyd' is die winkelrakke vol van al hierdie sjokolade en malvalekker lekkernye, asook die geurige gebak van vars paasbolletjies. Dit alles terwyl 'n atmosfeer van vrolikheid deur paashasies en paaseiers geskep word en die advertensies propvol is van paasfees (*easter*) winskopies.

Waar kom hierdie gebruike en simbole egter vandaan? Is hierdie dinge deel van die gepaste wyse om die folterdood en opstanding van Yeshua Messias te gedenk? Is dit regtig so onskuldig soos dit lyk? Het jy al hieroor gewonder?

Is Pesag (Paasfees; Pasga; *Passover*) en *Easter* name vir dieselfde fees met dieselfde betekenis? Hoeveel Christene verstaan die verskil tussen die ware Pesag en die heidenfees *Easter*? Is dit belangrik om hierdie verskille te verstaan, of is opregte en goeie bedoelings die vrypas om voort te gaan soos van kleintyd af geleer was? Hoe seker is jy dat die wyse wat jy Pesag (Paasfees) gedenk Skriftuurlik is en die Almagtige Skepper-God, YHVH, daardeur vereer en aanbid word?

Hierdie vrae moet in die lig van die volgende Skrifte beantwoord word:

Jy mag ook geen verwerplike ding in jou huis inbring nie sodat jy nie saam met dit totaal vernietig word nie. Jy moet dit ten diepste verafsku en dit geheel en al haat, want dit is iets wat verban is.

Deut. 7:26 (PWL Vertaling¹)

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek YHVH; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek YHVH, die Almagtige.
2 Kor. 6:16 tot 18.

Die volgende Skrifgedeeltes rig dieselfde waarskuwing aan ons: Deut. 12:29 tot 32; Deut. 18:9 tot 14; Jak. 4:4 en 2 Kor. 11:2 en 1 Pet. 1:15.

Volgens bogenoemde Skrifte is die opdrag van YHVH ons Vader baie duidelik, naamlik: Ons mag geen verbintenis of deelname aan afgodery hê nie! Min Christene besef egter dat talle Christengebruike en -tradisies 'n afgode oorsprong en verbintenis het! Kersfees is byvoorbeeld een van die feeste wat nie deur YHVH ingestel is nie, maar wel 'n heidenfees is wat 'n Christenkarakter gegee is. So ook het Pesag (Paasfees) besoedel geraak met afgodery!! YHVH het 'n afsku hieraan en daarom word ons beveel om ons van hierdie heidengebruike af te sonder en niks daarmee te doen te hê nie. Ons mag niks aanraak wat onrein is nie!! Alleenlik dan sal Vader-God ons aanneem as Sy kinders!

Pesag versus Easter

In Afrikaans verwys ons meestal na Paasfees en soms na die Pasga (Pesag). In Engels word hoofsaaklik *Passover* en *Easter* gebruik. Die meeste glo dat hierdie twee Engelse woorde dieselfde betekenis het en dat dit na dieselfde fees verwys, naamlik Pesag (Paasfees). Hierdie siening is egter verkeerd!!!!

Pesag (Paasfees, Pasga, *Passover*) is een van die jaarlikse feestye wat YHVH as 'n ewige insetting ingestel het (Ex. 12:1 tot 11; Lev. 23:5) toe Hy Israel van die slawejuk van Egipte bevry het. Die fokus van hierdie afgesonderde vierdag (feesdag) is die geslagde pesaglam en sy bloed van beskerming en versoening. Vandag herdenk die Jode, en 'n toenemende aantal Messiaanse gelowiges, steeds Pesag op die veertiende dag van die eerste maand (Nisan, ook bekend as Aviv of Abib) soos wat die Skrif bepaal (Ex. 12:1 tot 11; Lev. 23:5). Die Jode gedenk dit as herinnering van hulle bevryding van die slawejuk van Egipte, terwyl Messiaanse gelowiges Pesag gedenk soos dit in Yeshua Messias vervul is. Die folterdood en opstanding van Yeshua, die geslagde Pesaglam van YHVH, word op gepaste wyse op die dag soos deur YHVH self bepaal is, in herinnering geroep.

Christene vier ook jaarliks Paasfees, maar op 'n datum soos deur die kerk vasgestel is, naamlik op Goeie Vrydag en Paas-Sondag waartydens die kruisiging en opstanding van Yeshua Messias herdenk word. Hierdie Christenfees het egter besoedel geraak met die heidenfees van *Eastre* (*Easter*). Die bewys daarvan is die datum waarop hierdie fees gedenk word en ook sekere simbole en gebruike wat ingebring is. *Easter* is dus 'n heidenfees wat se oorsprong teruggevoer kan word na die Babiloniese godsdiens en het niks met die ware Pesag te doen nie.

Aangesien daar nie 'n Afrikaanse woord vir *Easter* is nie, sal die Engelse woord gebruik word wanneer daar na hierdie heidense fees verwys word en die woord Pesag wanneer daar na YHVH se fees verwys word.

Talle Christengelowiges is onkundig aangaande die verskil tussen Pesag en *Easter*. Goed bedoelende gelowiges sal die kruisiging van Yeshua as Messias en Sy opstanding uit die dood met groot dankbaarheid gedenk, maar tergelykertyd niks daarvan dink om paaseiers, paashasies en *hot cross buns* deel van die Paasvieringe te maak nie. Dan word dit ook op 'n datum gedenk wat nie Skriftuurlik is nie, maar direk met die heidenfees *Easter* verbind word. Hulpmiddels word selfs te koop aangebied waarmee kinders by wyse van paashasies en paaseiers die boodskap van die kruisiging en opstanding van Messias geleer word.

Dié wat sulke dinge doen is besig om een van die mees belangrikste feestye van YHVH met heidense praktyke te meng. Dit is om agter die afgodery van die heidene aan te loop en is 'n gruwel in die oë van YHVH, ons God en Vader. YHVH het deur Moses tot Israel gespreek en gesê:

Let op en gehoorsaam al hierdie woorde wat ek jou beveel, dat dit met jou en jou seuns ná jou goed kan gaan, vir altyd, as jy doen wat goed en reg is in die oë van יהוה, jou God. Wanneer יהוה, jou God, die nasies waarheen jy gaan, om hulle te onteien, voor jou afsny en jy hulle onteien het en in hulle land bly, let op, dat jy nie in die strik val om hulle te volg, nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: 'Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien, dat ek dit ook so kan doen?' nie. Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode. Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.
Deut. 12:27 tot 32 (PWL Vertaling).

Wie Ore Het, Laat Hom Hoor!

Talle mense wil nie hierdie waarheid hoor nie. Jare se tradisionele viering van Paasfees het hulle vir die waarheid verblind. Onwilligheid om te glo dat ons voorvaders en geestelike leiers kon fouteer, is vir baie genoegsame rede om voort te gaan met die viering van Paasfees volgens tradisionele (kerk) oorlewering. Goeie bedoelings word ook as regverdiging vir sekere gebruike voor gehou.

Eie siening, emosies en redenasies moet egter nooit 'n plaasvervanger vir die waarheid word nie. In eerbiedige ontsag vir YHVH moet ons strewe na die waarheid. Hierdie waarheid is slegs in die Skrifte (Bybel) te vinde (Joh. 17:17). Daarom moet ons versigtig wees vir die oorlewering en leerstellings van mense (Kol. 2:8; Matt. 15:1 tot 9) en slegs die Woord van YHVH gebruik om ons in die waarheid te onderrig (2 Tim. 3:16 en 17).

Beide Kersfees en *Easter* is nie feeste wat deur YHVH ingestel was nie. Die sewe feeste (Bestemde Tye) soos deur YHVH ingestel was, word in Levitikus 23 beskryf en staan bekend as die feestye (Bestemde Tye) van YHVH. Hierdie feeste is deur YHVH aan Israel voorgeskryf en was `n heenwysing na, en `n afbeelding van die Messias, Yeshua ons Meester, en dus van YHVH se verlossingsplan van sondevergifnis, versoening en herstel. Op hierdie wyse wou YHVH op `n sigbare wyse sekere geestelike waarhede aangaande die Verlosser aan Sy volk (kinders) bekend maak.

Hierdie feestye is YHVH ons Vader se jaarlikse Bestemde Afsprake met Sy kinders, naamlik die hele Israel en nie net met die Jode nie. As wedergebore kind deur geloof in die versoeningserk van Yeshua, en as ingeplante wilde olyftak op die mak olyfboom (Romeine 11:1 tot 32), is ons deel van die burgerskap van Israel (Ef. 2:11 tot 14) en gedenk ons ook YHVH se feestye.

As wedergebore kinders van YHVH weet ons dat die Messias gekom het en derhalwe hoef ons nie hierdie sewe feestye te vier met die oog op die koms van Yeshua nie. Dit is egter wel nodig dat ons die betekenis van hierdie feestye moet verstaan en hoe dit onder die hernieude (nuwe) verbond in Messias bevestig is en op ons van toepassing is. Ons moet ook hierdie feestye van YHVH gedenk met die wete dat die eerste vier reeds in Yeshua vervul is en dat die laaste drie nog vervul sal word met ons Meester se wederkoms.

Vir ons wat glo in die folterdood en opstanding van Yeshua is hierdie feeste nie `n heenwysing van die belofte wat sal kom nie, maar `n gedenkenis van dit wat YHVH in Yeshua ons Messias vir ons reeds gedoen het, steeds doen en nog sal doen.

`n Studie oor die feestye van YHVH kan afgelaai word by:

<http://nuwelied.info/?cat=1>

Pesag

In Lev. 23:4 tot 8 word die eerste van die sewe jaarlikse feestye van YHVH beskryf, naamlik:

Hierdie is die vasgestelde tye van יהוה, afgesonderde byeenkomste, wat julle moet verklaar in die tye wat vir hulle bepaal is. Op die veertiende dag van die eerste maand, tussen die twee sonsondergange, is die Pesag tot יהוה en op die vyftiende dag van dieselfde maand is die Fees van Ongesuurde Brode tot יהוה; sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet. Op die eerste dag sal julle `n afgesonderde byeenkoms hê; julle mag géén gewone werk doen nie. Julle moet sewe dae lank `n offer, deur vuur, tot יהוה bring. Op die sewende dag moet daar `n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie. (PWL Vertaling).

Die oorsprong van Pesag was dus tydens Israel se slawerny in Egipte. Op die vooraand van die uittoeg uit Egipte het YHWH deur Moses aan die volk die opdrag gegee hoe hierdie fees gevier moet word (Eks. 12:1 tot 28).

Die Pesag is `n ewige instelling en daarom is daar ook in die hernieude (nuwe) verbond verwysing na hierdie fees (Hand. 12:1 tot 4). Die woord *paasfees* in vers 4 (Afrikaanse Ou Vertaling) is die vertaling vir die Griekse woord *pascha* wat afgelei is van die Hebreeuse woord *pesach*. Hierdie woord verwys dus na die fees soos in Levetikus 23:5 genoem word en nie na *Easter* soos ondermeer foutiewelik in die King James vertaling gebruik word nie.

Daar is genoegsame bewys dat die volgelingen van Messias (die gemeente van Handelingen – die *ekklesia*) steeds Pesag gedurende die eertse eeu na Messias gevier het. Hulle het dit egter gedenk met die sekere wete dat Yeshua as die Lam van God (Joh. 1:29, Hand. 8:32; 1 Pet. 1:19; Open. 5:6) die pesaglam van die ou verbond vervang het. Die brood en die wyn as die afbeelding van die liggaam en bloed van die Lam van YHWH is deur Yeshua ingestel sodat ons deelname aan Sy liggaam en bloed kan hê as herinnering en bevestiging van die verlossing en voorsiening deur Messias (Luk. 22:19 en 20).

Die vroeë gemeentes (die *ekklesia*) het dus Pesag gevier en nie *Easter* nie. Selfs in die Encyclopedia Britannica, 11e uitgawe, Vol. 8 p 828, vind ons die volgende verduideliking:

There is no indication of the observance of the Easter festival in the New Testament, or in the writings of the Apostolic Fathers..... The first Christians continued to observe the the Jewish festivals (God's festivals of Leviticus 23), though in a new spirit, as commemorations of events which those festivals had foreshadowed. Thus the Passover, with a new conception added to it, of Christ as the true Paschal Lamb....continued to be observed.

Hiervolgens, asook volgens ander gesaghebbende bronne was daar dus twee feeste, naamlik Pesag en *Easter*. Die ware gelowiges in Messias het dus Pesag (Paasfees) gevier en nie *Easter* nie.

Die Oorsprong van *Easter*

Geskiedkundiges en Bybelkenners is dit eens dat *Easter* van heidense oorsprong is en nêrens in die oorspronklike vertaling van die Skrifte genoem word nie, en ook geen verband het met die dood en opstanding van Yeshua nie.

Feitlik alle volke en kulture in die omgewing van die Middellandse See en verder Noord in Europa het reeds vir eeue voor Messias `n fees gehou wat saamval met die Lente-ewening in Maart. Hierdie was heidense feeste waar bepaalde afgode vereer is en as basis die viering van nuwe lewe of oorwinning oor die dood gehad het. Hierdie feeste was om die somer in die Noordelike halfgrond, asook die nuwe lewe en vrugbaarheid wat daarmee gepaard gaan, te verwelkom.

Die nieu-heidense gelowe (godsdiens gegrond op eeu-oue afgodediens, maar wat vernuwe of gemoderniseer is en hekserij insluit) vier steeds gedurende hierdie tydperk `n fees met gepaardgaande godsdiensrituele.

Die naam *Easter* is afkomstig van die Germaanse Lentekoningin met die naam *Eastre* wat ook onder die Anglo-Sakse bekend was as *Eostre*. Die oorsprong van die naam is egter afkomstig uit die Babiloniese tydperk.

Die begin van alle afgodery kan teruggevoer word na die Babiloniese tydperk. Dit het die grondslag gelê vir alle afgodery wat dwarsoor die aarde versprei het. Daarom kan beide Kersfees en *Easter* se oorsprong ook teruggevoer word na die Babiloniese godsdiens. Die groot hoer van Babilon (Open. 17:4 en 5) is verantwoordelik vir die uiteindelijke vestiging van hierdie feeste as sogenaamde Christenfeeste. Daarom verwys die Skrifte na Babilon as daar van geestelike misleiding (afgodediens) gepraat word. Geestelike dwaling of misleiding staan bekend as hoerery.

Kortliks kan die geskiedenis soos volg opgesom word: Noag se kleinseun, Nimrod, het soos sy pa, Kus, afgewyk van die weë van YHWH. Nimrod het verskeie stede gebou, ondermeer die stad Babel (Gen. 10:10 tot 12), asook die toring van Babel (Gen. 11:1 tot 9). Nimrod en sy volgelinge het teen YHWH gerebelleer. Hulle het `n eie regeringstelsel en godsdiens daar gestel en die ware Skepper-God verwerp.

Na die dood van Nimrod het sy vrou Semiramis oorgeneem as geestelike leier. Sy het Nimrod tot goddelike status verhef as songod. Semiramis se seun Tammus, wat blykbaar na Nimrod se dood gebore was, het sy voorgelou as die reïnkarnasie van Nimrod en beweer dat sy op `n bonatuurlike wyse bevrug was. Sy het aanspraak gemaak dat Tammus *die redder* van die wêreld was en sy het hom dus ook verhef tot songod en as die vader van die skepping. Volgens oorlewering sou hy tydens `n jagtog gesterf het, maar het na drie dae uit die dood opgestaan.

Beide Tammus en Semiramis is aanbid – sy as die maangod, die hemelgodin en die god van fertilitet, later ook bekend as *Astarte* (1 Kon. 11:5 en 33; 2 Kon. 23:13; Rigters 2:11 en 13) of ook genoem *Ishtar* of *Ashtoreth*. Dit was die begin van die moeder-kind kultus. Op die wyse is `n vals godsdiens begin waar astrologie beoefen was, waar die son, maan en sterre aanbid was, mistieke godsdiensrituele beoefen was, menslike offers gebring was, priesters in tempels offers gebring het en talle ander wanpraktyke aan die orde was. Feeste ter verering van Tammus en Semiramus was gedurende die lente-nagewening (21 tot 25 Maart) en die wintersonkeerpunt (17 tot 25 Desember) gehou.

Na die verwarring wat YHWH in Babel veroorsaak het (Gen. 11:1 tot 9), het die mense weggetrek en oor die aarde versprei. Soos die mense getrek het, het hulle die Babiloniese godsdiens van aanbedding van die son en die maan, asook die gebruike en rituele met hulle saamgeneem. Met tyd het die name

van die feeste en van die afgode verander en kenmerkend van `n bepaalde kultuur of bevolkingsgroep geword.

So het die naam van Semiramis ondermeer verander na Ishtar, Eoster, Astarte (1 Kon. 11:5 en 33; 2 Kon.. 23:13), Oostera, Venus, ens. In al hierdie kulture is sy aanbid as die god van fertiliteit en die Moeder van die Natuur, die hemelgodin of die godin van Lente. Deel van die wyse wat sy aanbid moes word was dikwels deur seksuele wanpraktyke soos seksorgies en tempelprostitusie.

Met tyd het die naam van Tammus verander na ondermeer Adonis, Osiris, Apollo, Attis, Baal (daar is sowat 89 skrifte in die Bybel wat na Baal verwys), Hercules, Moleg en talle meer. In al hierdie kulture was hy aanbid as `n songod en `n god-mens, asook as die redder van die wêreld.

Opsommend: Volgens die Skrifte, asook geskiedkundig, is dit duidelik dat Babilon die oorsprong van alle afgoderye en dwalinge weg van die ware en enigste lewende God, YHVH die Almagtige, is. Die gees van Babilon is steeds in die wêreld en sal daar wees tot en met YHVH se finale oordeel. Dan sal alles aan YHVH onderwerp wees en sal Yeshua Messias vir ewig as Koning regeer.

Die Simbole en Tradisies van *Easter*

Verskeie simbole en tekens word met *Easter* verbind. Die bekendste is gekleurde eiers (paaseiers, sjokolade eiers), hase of konyne (paashaas, *Easter bunny*, sjokolade hasies) en *hot cross buns*.

Die oorsprong van hierdie simbole is heidens en kan selfs teruggevoer word na die Babiloniese godsdiens. Soos die groepe mense na die verwarring van Babel oor die aarde versprei het, het hulle hierdie simbole en tekens as deel van hulle afgodery behou. Dikwels is daar ook eie betekenis daaraan gegee en is die simbole aangepas om by kultuur en godsdiens in te pas.

Eiers en hase (konyne) het egter as die simbole van fertiliteit en nuwe lewe gebly.

In die Babiloniese godsdiens het hulle geglo dat Astarte gebore was nadat `n eier bevattende haar liggaam uit die hemel in die Eufraatrivier geval het. Dit was (is) die gebruik om gekleurde eiers tydens die fees ter viering van die Lente-ewening te eet.

Die Egiptenare het eiers in hulle tempels opgehang as simbool van lewe. Gekleurde eiers was in Egipte geoffer en word steeds as offerhandes aan gode in Sjina en sekere dele in Europa beskou.

Verskeie ander tradisies rondom die paaseiers het ontstaan, sommige wat tot vandag steeds in gebruik is, soos om gekleurde eiers *weg te steek* en dit dan *te gaan soek*. In sommige Christenkerke het die eier ook die simbool van

nuwe lewe in Messias geword. Sommige Christendominasies beskou die eier as `n afbeelding van "Jesus" se graf waaruit Hy opgestaan het.

Volgens oorlewering sou Maria Magdalena `n rooi geverfde eier aan Keiser Tiberiës oorhandig het as simbool van die opstanding van "Jesus" en van die nuwe lewe in Messias.

In sommige Europese Christenkerke word rooi gekleurde eiers teen mekaar op Paas-Sondag gestamp en dan word vir mekaar gesê: "*Jesus*" *het opgestaan*.

Omrede konyne (hase) so vinnig kan voortplant was hulle die simbool van vrugbaarheid. Die konyne word ook met die maan, naamlik die menstruele siklus van die vrou, verbind. Derhalwe het sommige, soos die Egiptenare, geglo dat die konyne in die maan woon. `n Tradisie en geloof het in ander dele van die wêreld ontstaan dat die paashase die paaseiers lê.

Die ontstaan en betekenis van *hot cross buns* is kortliks soos volg. In die Babiloniese godsdiens het die vroue koeke met die letter "T" (in die Fenisiese alfabet is dit `n "X") ter ere van Tammus gebak. Verwys Jer. 7:18. Die Anglo-Sakse het `n kruis op die koeke gemaak as simbool van die vier fases (vier kwarte) van die maan.

Selfs die vroegoggend opstandingsdiens op Opstanding-Sondag is oorgeneem van die heidense gebruik om die son op die eerste Sondag wat volg op die volmaan na die lente-ewening te verwelkom.

Die Invloed van die Romeinse Ryk

Die vraag is nou: Hoe het Pesag en *Easter* vermeng geraak tot so `n mate dat talle glo dit is een en dieselfde fees? Die invloed van die Romeinse ryk op die kerk in die jare na Yeshua se hemelvaart was geweldig groot. Hierdie feit word deur die geskiedenis bevestig. Gedurende dié jare was die oorgrote meerderheid van die inwoners van die Romeinse ryk aanbidders van `n verskeidenheid afgode wat by wyse van jaarlikse feeste vereer is. Die twee feeste wat die grootste invloed op die kerk gehad het was:

- Die fees van die lente-ewening, *Easter*, wat die viering van Pesag besoedel het.
- Die fees van Saturnalia wat tydens die wintersonkeerpunt gehou is. Hierdie fees is `n Christenkarakter gegee deur die viering van die geboorte van die songod te verander na die geboorte van "Jesus" en dit as Kersfees te vier.

Van die bekendste Griekse afgode naas die songod, was die god Attis (die Griekse god soortgelyk aan Tammus) en Kybele, die groot moedergod, fertiliteitsgodin en hemelse maagd en koningin (die Griekse godin soortgelyk aan Semiramus). Volgens Griekse mitologie was Attis op die 25 Desember

gebore. Die dood (daar bestaan verkillende oorleweringe vir sy dood) en die opstanding van Attis uit die dood na drie dae was in Rome op die 24 en 25 Maart tydens die lente-ewening gevier. Attis was ook beskou as tergelykertyd heilige vader en heilige seun en as die skepper van die heelal wat glo op die 25 Maart plaasgevind het. Die aanbidding van Attis was reeds voor die geboorte van Messias deel van die Romeinse afgodery.

Aangesien die viering van die Pesag en die heidenfeeste van die lente-ewening feitlik saamval, het daar spoedig `n twis tussen Christene en die aanbidders van Attis ontstaan. Die een het die ander beskuldig van `n nabootsing van die waarheid. Daar het egter in sommige streke die siening ontstaan dat Yeshua op die 25 Maart in die jaar 29 voor Messias (vM) gekruisig is. Hierdie siening is geskiedkundig, astronomies en volgens die Joodse kalender onmoontlik. Dit is egter duidelik dat hierdie die eerste tree was om `n heidenfees en `n Christen gebeurtenis saam te voeg.

Ten einde versoening tussen die strydende groepe te bewerkstellig, asook om die wat afgode aanbid na die kerk te lok en te akkomodeer, het die Roomse Kerk sekere heidense gebruike toegelaat. Die Roomse Kerk was ook sterk beïnvloed deur Keiser Konstantyn se strewe na eensgesindheid onder alle gelowe. Daarom is daar vandag verskeie heidenfeeste wat deur die Roomse Kerk `n Christenkarakter gegee is. Hiervan is *Easter* en Kersfees die bekendste.

Bepaling van die Datum van Pesag

Die wyse wat die Christendom die datum van die jaarlikse Paasfees bepaal is nie Skriftuurlik nie!!

Die Roomse Kerk en Protestante bepaal Paas-Sondag (Opstandings Sondag) as die eerste Sondag na die volmaan wat volg op die lente-ewening van 21 Maart. Goeie Vrydag is uiteraard dan die voorafgaande Vrydag. Die bepaling van die datum van Opstanding-Sondag is die metode wat ook gebruik was om die datum vir die *Easter*-feesvieringe, naamlik die Sondag wat die songod en nuwe lewe verwelkom word, vas te stel. Die heidense invloed in die vasstelling van die datum van Paasfees is dus duidelik.

Die Skriftuurlike, en dus korrekte wyse om die datum van Pesag te bepaal, is volgens die oorspronklike wyse soos dit deur YHVH self in die Skrifte opgeteken is, naamlik op die 14 dag van die eerste maand bekend as Nisan (Ex. 12:1 tot 14; Lev. 23:4 en 5). Yeshua is op die Pesag gekruisig en daarom is dit die datum wat die folterdood van ons Messias gedenk moet word en nie op die dag en datum soos deur die kerk later bepaal is nie. Die opstanding van Yeshua uit die dood is drie dae (drie siklusse van 24 uur) later en nie twee gedeeltes van twee dae en een 24 uur periode van dag en nag nie soos wat `n Goeie Vrydag kruisiging verkeerdelik leer!!

Goeie Vrydag is dus `n menslike leerstelling wat nie in die bladsye van die Skrifte (Bybel) gevind word nie!!

Indien die Skriftuurlike wyse, naamlik volgens die maankalender, vir die bepaling van die datum van die jaarlikse Pesag gevolg word, sal Christene `n probleem hê, want *Goeie Vrydag*, die dag wat hulle glo Yeshua op Golgota gesterf het, sal selde op `n Vrydag val. Verder is dit ook `n feit dat die jaar toe Yeshua gekruisig was, was Pesag nie op `n Vrydag nie, maar wel op `n Woensdag en het Yeshua voor die einde van die weeklikse Shabbat uit die dood opgestaan. Messias, die Gesalfde Een, was dus drie dae en drie nagte in die graf en het so die teken van Jona vervul (Matt. 12:39 en 40). Hierdie opsigself is bevestiging dat `n Vrydag kruisiging onmoontlik is.

`n Studie oor watter dag Yeshua gekruisig was, en wanneer Hy uit die dood opgestaan het, kan afgelaai word by: [WatterDagKruisiging2](#)

Opsommend

Die vraag is wat moet ons as gelowiges nou doen in die lig van die waarheid? Ons weet dat ons die Vader in gees en in waarheid moet aanbid (Joh. 4:23). Dit is ook die waarheid, naamlik die toepassing daarvan, wat ons vrymaak (Joh. 8:32). Daarom moet die waarheid van YHVH se Woord ons ook vrymaak van enige afgode besoedeling.

Laat ons altyd besef: Ons kan dink en glo dat ons getrou die waarheid navolg, terwyl ons inderwaarheid mislei is!! (2 Kor. 11:3 en 4). Ons bedoelings kan wel opreg wees, maar ons kan opreg verkeerd wees. Om ongehoorsaam te wees aan YHVH se voorskrifte is rebellie en is `n sonde van waarsêery, terwyl eiesinnigheid gelykstaande aan afgodery en beelddiens is (1 Sam. 16:22 en 23). Lees weer aandagtig hierdie Skrifgedeelte:

Of watter ooreenkoms het die tempel van Elohiem met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende Elohiem, soos Elohiem gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle Elohiem wees, en hulle sal vir My `n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek YHVH; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle `n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek YHVH, die Almagtige – 2 Kor. 6:16 tot 18.

Die geskiedenis van Israel leer ons dat telkens wanneer hulle afgode begin dien het, is hulle in ballingskap oorgegee aan die vyand (Rigters 2:11 tot 14 en 19; 1 Sam. 7:3 en 4 en 1 Sam. 12:10 en 11). Verkeer ons nie ook dikwels in ballingskap weens afgodery, en bly ons gebede nie dalk onbeantwoord vanweë ongehoorsaamheid nie? Gaan baie gelowiges nie ten gronde weens `n gebrek aan kennis nie (Hos. 4:6)?

Salomo was die mees wyse man wat ooit gelewe het. Nogtans het hy een fout gemaak wat in die oë van YHVH so groot was dat die koningskap van Salomo na sy dood van sy seun weggeneem was. Wat was die fout wat Salomo gemaak het? Hy het met `n vrou getrou wat die aanbidding van Astarte na Israel gebring het en Salomo het dit goedgekeur deur self

deelname daaraan te hê (2 Kon. 11:4 tot 6 en 11 tot 12). Ons mag dink ons het wysheid deur te sê ons bedoelings is goed en ons steur ons nie aan die oorsprong van *Easter* en hoe dit Paasfees beïnvloed het nie. Die vraag is nie wat jy en ek glo of dink nie, maar wel wat die Vader van ons verwag. Is dit wat onskuldig lyk, regtig so onskuldig? Kan ons as mense maar ons eie "aanpassings" maak en die Vader daarmee probeer vereer en glo dat Hy tevrede gaan wees?

Yeshua het gekom om die werke van Satan te vernietig en nie om dit deel te maak van die aanbidding van die Vader nie. Vader YHVH sal nie die aanbidding en eerbetoning wat Hom toekom met enige afgod deel nie!! Om YHVH se feestye te verander en dan nog heidense tradisie en simbole insluit om dit te gedenk, is om 'n gruwel voor die Almagtige te bring.

Dit is tyd om ernstig te besin oor hoe en wanneer die Pasga gedenk word. Die Vader het 'n spesifieke dag vir die doel vasgestel en geen mens het die reg om dit te verander nie.

Kom ons gedenk hierdie komende Pesag met dankbare harte vir dit wat YHVH deur Yeshua Messias vir ons gedoen het. Laat ons dit gedenk op die dag soos YHVH bepaal het en sonder om afgodery deel daarvan te maak.

'n Gepaste wyse hoe om Pesag ondermeer te gedenk is by wyse van 'n Pesagmaal van brood en wyn soortgelyk as wat Yeshua saam met Sy dissipels geëet het toe Hy die nuwe verbond ingestel het.

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete
Johan Kriel

E-pos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.